- Moet nie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Vermy kontak met die vel en oë deur beskermende oorklere te dra wanneer die produk gemeng word.
- In die geval van oogkontak, spoel oë met baie skoon water en kry mediese hulp indien nodig.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak en was ook besoedelde klere.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermy wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas wat nie onder behandeling is nie.
- Maak toedieningsapparaat voor en na gebruik skoon. Raak ontslae van spoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Keer die leë houer oor die spuit- of mengtenk om en dreineer vir ten minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n drup afneem. Spoel daarna die leë houer **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk.
- Vernietig die leë houer en moenie dit vir enige ander doel gebruik nie.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Moet nie **CYCLONE ELITE** op eksperimentele of nuut vrygestelde kultivars/variëteite gebruik alvorens u die verskaffer of saadmaatskappy geraadpleeg het nie.
- Moet nie **CYCLONE ELITE** op swak gedreineerde grond of grond met 'n kompaksielaag toedien nie. Die onkruidodder mag tydens versuiptoestande skade aan gewasse veroorsaak.
- Moet nie **CYCLONE ELITE** toedien op enige gewas of situasie wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Dien **CYCLONE ELITE** slegs toe deur van akkurate en veilige toedieningsmetodes gebruik te maak.
- Swaar reën op sandgronde met 'n lae organiese materiaalinhoud, sowel as vloedbesproeiing, mag lei tot verswakte onkruidbeheer.
- Optimale onkruidbeheer word verkry op 'n goed voorbereide saadbed, met 'n egalige oppervlakte, wat vry van kluite, plantreste en onkruid is. **CYCLONE ELITE** sal ook onkruidbeheer waar minimum- of stoppelbewerking (deklaag) toegepas word.
- Indien **CYCLONE ELITE** met ander geregistreerde middels in tenkmengsel gebruik word, moet die gebruiksbeperkings van daardie betrokke produkte gevolg word.
- Gebruik die laer dosis op gronde in die Noordwes Provinsie, Noord- en Wes-Vrystaat.

- Gebruik die laer dosis op ligter gronde en waar die onkruidpopulasiedruk laag is.
- Verseker dat voldoende kunsmis toegedien word en korrek by planttyd neergesit word om die groei van die saailinge te bevorder.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of as 'n tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket aangedui is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge of resultate indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian Agritech verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Moenie **CYCLONE ELITE** binne 28 dae na toediening van 'n organofosfaat- of karbamaatinsekdoder toedien nie. Net so moet 'n organofosfaat- of karbamaatinsekdoder nie binne 28 dae van toediening van **CYCLONE ELITE**, toegedien word nie. Moet onder geen omstandighede bogenoemde produkte saam in 'n tenkmengsel toedien nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **CYCLONE ELITE** 'n groepkode **B;F2** onkruiddoder. Enige onkruidpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **CYCLONE ELITE** en enige ander groepkodes **B;F2** onkruiddoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **CYCLONE ELITE** of enige ander Groepkodes **B;F2** onkruiddoder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag

- Vermoë die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders in dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte van verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Opvolggewasse

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, moet die volgende wagperiodes nagekom word:

Mielies, Suikermielies	Nul
Graansorghum	1 maand
Sonneblomme, Grondbone, Sojabone, Aartappels, Droëbone, Voersorghum en Katoen	3 maande
CYCLONE ELITE plus PREFIX S EC Koring, Spruitkool (Broccoli), Wortels, Lusern, Pampoengewasse, Tabak, Groenbone, Ertjies (dosis minder as 500 ml) en Groen Soetrissies	4 maande
Ander Kleingrane en Ertjies	12 maande
Alle ander Gewasse	24 maande

Nota: Die bogenoemde wagperiodes geld slegs indien die korrekte hoeveelheid **CYCLONE ELITE** plus mengselprodukte toegedien is en normale of meer as die normale reënval gedurende die seisoen voorgekom het en normale boerderypraktyke toegepas is. In die geval van "Alle ander Gewasse" word 'n planttoets in alle gevalle aanbeveel.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met geskikte water en voeg die benodigde hoeveelheid **CYCLONE ELITE** by die water in die tenk terwyl dit geroer word. Vul die spuittenk tot die verlangde volume. As tenkmengsels met ander onkruiddoders gemaak word, moet die betrokke vervaardiger se etiket gevolg word. **Die tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuut word en nie toegelaat word om oornag in die spuittenk te staan nie.** Die spuittoerusting moet aan die einde van toediening deeglik uitgespoel word.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **CYCLONE ELITE** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte af, asook van die kwaliteit van die spuitwater. Soos formuleringe van tyd tot tyd verander, word dit aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets uitgevoer word alvorens die tenkmengsel gemaak word. **CYCLONE ELITE** is verenigbaar met die meeste piretroïed-insekdoders soos **ALKANOX EC**, **PREFIX S EC**, **TROOPER SL** en **ULTRAMOC XTRA EC**.

TOEDIENINGSMETODES

Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is en gereeld nagegaan word tydens toediening om egalige en akkurate toediening te verseker. Rugsakspuite of trekkegeremonteerde balkspuite kan gebruik word. 'n Spuitvolume van 200-300 l/ha moet gebruik word vir grondtoediening en dit kan toegedien word met platwaaierspuitpunte; verkieslik dié wat wegdrywing en klein druppelvorming verhoed. **Konstante roering gedurende die spuitproses is noodsaaklik.** Gebruik slegs skoonwater vir toediening.

Reënval is noodsaaklik om die produk na die sone waar die onkruid ontkiem, te loog en daarvoor is 10 - 15 mm reën of besproeiing nodig binne 7 dae na toediening, om optimale resultate te verseker. Onder droë toestande mag onkruidsaailinge opkom. Dié onkruid kan vernietig word deur 'n vlak bewerking wat terselfdertyd die onkruid doder met die boonste 10 - 20 mm grondlaag vermeng.

Indien korsvorming 'n probleem word moet 'n roltandeg in dieselfde rigting as die plantrye gebruik word om die ontkieming van die mielies te bevorder. Skoffelbewerking na toediening mag onkruidbeheer benadeel wanneer onbehandelde grond na die oppervlak gebring word.

CYCLONE ELITE moet verkieslik met of net na aanplanting toegedien word, maar nie later as drie dae na aanplanting nie. Gebruik altyd die laer dosis op ligte gronde en wanneer die onkruidruk laag is.

GRONDTOEDIENING

CYCLONE ELITE kan met enige behoorlike gekalibreerde medium- tot hoëvolume spuittoerusting toegedien word, wat toegerus is met 'n doeltreffende roermeganisme wat egalige bedekking sal verseker. Die beste resultate word verkry deur die gebruik van platwaaierspuitpunte in 'n minimum spuitvolume van 200 l/ha.

LUGTOEDIENING

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik om aan die volgende vereiste te voldoen:

Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teikenarea sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n spuitstelsel gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 75% van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels binne-in die vlerkpuntvorteks te beperk.

Toedieningsvereistes

- 'n Minimum volume van 40 l spuitmengsel per ha word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik vir enige nadelige effekte ervaar, gehou word indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 30 - 40 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 - 280 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels, die wat kleiner as 150 mikron is, tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4m bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, te draai, te duik of terwyl dit uitklim nie.
- Dien toe voordat die gewas te dig(ruig) word, aangesien dit die algehele bedekking sal beïnvloed.

Meteorologiese toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëboltermometer-lesings, soos deur 'n swaaihygrometer bepaal, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Moet nie tydens turbulente of onstabiele weerstoestande toedien nie of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende lugbewegings plaasvind nie.
- Moenie onder temperatuurinversie-toestande (bokant of binne-in die inversielaag) spuit nie.
- Moenie spuit indien die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.

- Verkry 'n versekering van die spuitoperator dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat die betrokke data in 'n logboek vir toekomstige verwysing saamgevat is.

Voor-opkoms toediening

- 'n Minimum spuitvolume van 40 l/ha.
- 'n Minimum van 20 tot 30 druppels per cm² moet op die teikengebied herwin word.
- Gebruik 'n druppelspektrum met 'n VMD van 450 mikron. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron met hoë wegdrywings- en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum beperk word.

Faktore wat onkruidbeheer beïnvloed

- Die werking van die **CYCLONE ELITE** en sy mengsels kan beïnvloed word deur 'n aantal faktore wat die groei van plante en dus die onkruidodende aktiwiteit van die produk ook sal beïnvloed. Faktore soos grond-pH, grondvog, organiese materiaal en teenwoordig van onkruid kan die nawerking van die onkruidoder beïnvloed.
- Droë grondtoestande na die **vooropkomstoediening** kan tot verlaagde beheer van ontkiemende onkruid lei. Dit kan reggestel word deur die oppervlakte meganies te breek of met 'n na-opkomstoediening van **CYCLONE ELITE** by die korrekte onkruidgroeistadium en nadat dit gereën het.
- Aanhoudende reën en bewolkte toestande na 'n **na-opkomstoediening** mag die effektiwiteit van die produk verlaag.
- In grond met 'n hoë organiese materiaalinhoud kan die tydperk van onkruidbeheer korter wees as wat op die tabel aangedui is.
- **Die verwagte tydperk van onkruidbeheer moet 4 - 8 weke wees, afhangende van verbouingspraktyke, bogenoemde voorwaardes en onkruidspesies teenwoordig.**
- Wanneer 'n **na-opkomstoediening** van **CYCLONE ELITE** in die vooruitsig gestel word, vermy die volgende:
 - Strestoestande by onkruid veroorsaak deur droogte, koue toestande, siektes, inseksskade, minerale tekorte en versuiping.
 - Toediening op onkruid ouer as die optimum groeistadium.
 - Toediening op onkruid wat nie aktief groei nie.
- Indien een of meer van hierdie toestande tydens toediening van **CYCLONE ELITE** voorkom, kan die onkruidoderwerking verlaag word.

MIELIES en SUIKERMIELIES (supersoet kultivars uitgesluit):

- Gebruik slegs die aanbevole hoeveelhede van die tenkmengselprodukte soos hieronder in die tabelle uiteengesit.
- Dien **CYCLONE ELITE** as 'n vooropkomstoediening tydens plant, of in 'n onkruidoderprogram, of as 'n vroeë na-opkomsbespuiting van beide onkruid en gewas toe.
- Wanneer **CYCLONE ELITE** op sy eie toegedien word, of wanneer **CYCLONE ELITE** saam met **TROOPER SL** as 'n na-opkomsbespuiting gedoen word, word die byvoeging van 'n geskikte benatter aanbeveel (slegs waar onkruid sigbaar teenwoordig is).

AANBEVELINGS

VOOROPKOMS-TOEDIENINGS (TABEL 1 en 2)

Wanneer **CYCLONE ELITE** vooropkoms toegedien word, moet dit tydens of onmiddellik na plant, op 'n onkruidvrye saadbed geskied. Die saadbed moet fyn en egalig wees, sonder oormatige kluite en plantreste om die eweredige verspreiding van **CYCLONE ELITE** op die grondoppervlak te verseker.

TABEL 1. CYCLONE ELITE in 'n tenkmengsel saam met **PREFIX S EC** vir breëspektrum vooropkoms-onkruidbeheer as 'n enkele toediening in mielies.

GEWAS	% KLEI	DOSIS (l/ha)	
		PREFIX S EC	CYCLONE ELITE
MIELIES Vooropkoms tenkmengsel	0 – 10	0.5	0.5 – 0.75
	11 – 15	0.75	0.75
	16 – 20	0.9	0.75 – 1.0
	21 – 50	1.0	0.75 – 1.0

Opmerkings oor TABEL 1

- Waar minimum- of stoppelbewerking toegepas word, kon onkruid ten tye van plant alreeds opgekom het. Indien mielies of graansorghum onder sulke omstandighede geplant is, of as hulle geplant is in 'n ou saadbed waar grasse alreeds ontkiem het, en/of die breëblaaronkruid verby die vier-blaarstadium ontwikkel het, word dit aanbeveel dat parakwat by die **CYCLONE ELITE** spuitoplossing gevoeg word, teen 'n dosis wat deur die vervaardiger aanbeveel is. Die parakwat sal die bestaande onkruid vernietig en die ontstaan van 'n skoon vooropkomsomgewing skep wat sal toelaat dat **CYCLONE ELITE** effektief werk.

NOTA:

- Wanneer parakwat bygevoeg word, moet die toediening plaasvind voordat die gewas opkom, anders sal parakwat skade aan die gewas veroorsaak.
 - In die geval van minimum- of stoppelbewerking kan oormatige stoppels en organiese materiaal op die oppervlak die doeltreffendheid van die **CYCLONE ELITE** verminder. Die verteenwoordiger van die vervaardiger of die verspreider behoort geraadpleeg te word vir spesifieke aanvelings onder sulke omstandighede.
- CYCLONE ELITE** kan as 'n vooropkoms-onkruidodder in 'n tenkmengsel met **PREFIX S EC** gebruik word. **CYCLONE ELITE** kan egter ook in 'n program met **PREFIX S EC** gebruik word, waar die **PREFIX S EC** tydens planttyd toegedien word; gevolg deur 'n **CYCLONE ELITE** toediening vir die vooropkomsbeheer van onkruid of met die toevoeging van **TROOPER SL** of **ALKANOX EC** by na-opkoms van onkruid.

TABEL 2. CYCLONE ELITE in 'n tenkmengsel saam met **ULTRAMOX XTRA EC** vir breëspektrum na-opkoms beheer van onkruid in mielies.

GEWAS	% KLEI	Ultramox Xtra EC (ℓ/ha)	Cyclone Elite (ℓ/ha)	TYD VAN TOEDIENING
MIELIES	0 – 10	-	-	Toediening moet tydens of net na plant op 'n goed voorbereide saadbed gedoen word. Verseker dat alle voorwaardes en beperkings van CYCLONE ELITE en ULTRAMOX XTRA EC nagekom word.
	11 – 20	1.0 – 1.4	0.75	
	21 – 30	1.4 – 1.5	1.0	
	31 – 40	1.5 – 1.7	1.0	
	41 – 50	1.7 – 2.0	1.0	

OPMERKINGS OOR TABEL 2

- Indien daar onkruid is wat vooropkoms beheer moet word, moet daar oorweging geskenk word om geregistreerde produkte wat hierdie spesifieke onkruid kan beheer, in te sluit.
- Hierdie bespuiting mag deur die toediening van **CYCLONE**, **CYCLONE ELITE** of **PREMIERE** opgevolg word. Raadpleeg hierdie etikette vir volledige aanbevelings, aanwysings en beperkings.

NA-OPKOMS TOEDIENINGS (TABEL 3 en 4)

TABEL 3. CYCLONE ELITE in 'n tenkmengsel saam met **TROOPER SL** vir breëspektrum na-opkoms beheer van onkruid in mielies.

GEWAS	DOSIS (ℓ/ha)	
	TROOPER SL	CYCLONE ELITE
MIELIES Na-opkoms tenkmengsel	0.35 – 0.5	0.75 – 1.0

TABEL 4. CYCLONE ELITE in 'n tenkmengsel saam met **ALKANOX EC** vir breëspektrum na-opkoms beheer van onkruid in mielies.

GEWAS	DOSIS (ℓ/ha)	
	ALKANOX EC	CYCLONE ELITE
MIELIES Na-opkoms tenkmengsel	0.5	1.0

Opmerkings oor na-opkoms tabelle

- Die bostaande aanwending word as 'n opvolgbespuiting op mielies aanbeveel, wat alreeds met 'n vooropkoms-grasdodermengsel soos **PREFIX S EC** of **ULTRAMOC XTRA EC**, behandel is. Versuim om so 'n vooropkomsbehandeling te volg, kan tot abnormale hoë onkruiddruk en onkruidkompetisie lei en gevolglike swak resultate by na-opkoms opvolgbespuitings hê.
- Die bogenoemde mengsels kan ook direk na meganiese bewerking toegedien word, alvorens enige onkruid weer ontkiem het. In so 'n geval is die byvoeging van 'n benattingsmiddel nie noodsaaklik nie.
- Vir 'n na-opkoms toediening, moet die mielies ten minste in die 4-blaarstadium wees.
- Indien koue en nat weerstoestande tydens of kort na die toediening van **CYCLONE ELITE** heers, kan chlorose voorkom; dit sal egter nie die opbrengs beïnvloed word nie.
- Met tyd van toediening moet breëblaaronkruid nie verder as die 4-blaarstadium en grasse as die 2-3-blaarstadium ontwikkel wees nie.
- 'n Geregistreerde benatter met penetreer-eienskappe soos Solitaire of H&R Crop Oil moet by die spuitmengsel gevoeg word vir alle na-opkomstoeienings vir onkruid wat alreeds verskyn het.
- Die gekose dosis van die tabel hierbo hang van die onkruidspesies wat beheer moet word af, asook die lengte van beheer wat verlang word.
- Raadpleeg die **ALKANOX EC** en **TROOPER SL** etiket vir die lys van onkruid wat beheer word.

NOTA: TABEL 1 en 2 kan gebruik word as 'n program waar die **CYCLONE ELITE** en **PREFIX S EC** of **ULTRAMOC XTRA EC** saam as vooropkoms van die mielies en onkruid toegedien word en dan opgevolg word met **CYCLONE ELITE** en **ALKANOX EC** of **TROOPER SL** as 'n na-opkoms by mielies teen hoeveelhede wat in die tabelle hierbo aangedui word.

ONKRUIDE WAT DEUR CYCLONE ELITE PLUS PREFIX S EC BEHEER SAL WORD:

<i>Amaranthus deflexus</i>	Meerjarige misbredie
<i>Amaranthus hybridus</i>	Kaapse misbredie
<i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Chloris virgata</i>	Witpluim-Chloris
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie
<i>Cosmos bipinnatus</i>	Kosmos
<i>Crotalaria sphaerocarpa</i>	Mielie-Crotalaria
<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Gisekia pharnaceioides</i>	Gisekia
<i>Lepidium africanum</i>	Peperbossie
<i>Nicandra physaloides</i>	Basterappelliefie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Spermacoce senensis</i>	-
<i>Tagetes minuta</i>	Kakiebos
<i>Tragus racemosus</i>	Groot wortelsaadgras

Waar die hoër dosis gebruik word, sal die volgende onkruid waarskynlik addisioneel beheer word:

<i>Acanthospermum hispidum</i>	Regopsterklits
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doringmisbredie
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjiesinjalgras
<i>Cassia spp</i>	-
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhondebossie
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Hibiscus cannabinus</i>	Wildestokroos
<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie
<i>Lolium multiflorum</i>	Italiaanse raaigras
<i>Medicago sativa</i>	Lusern
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Physalis angulate</i>	Wilde-appelliefie
<i>Raphanus raphanistrum</i>	Ramenas
<i>Richardia brasiliensis</i>	Tropiese-Richardia
<i>Schkuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos

<i>Setaria pallide-fusca</i>	Rooiborselgras
<i>Sida cordifolia</i>	Hartblaartaaiman
<i>Solanum nigrum</i>	Nastergal
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie
<i>Urochloa panicoides</i>	Beesgras

NOTAS:

Die wisselvallige beheer van bogenoemde onkruid sal afhang van omgewingstoestande en die dosis van die aanwending. Die vooropkomsbeheer van *Cyperus esculentus* (Geeluintjie) sal afhang van die volgende:

- Waar 'n dosis keuse gegee word, moet die hoër dosis gebruik word.
- Aanplanting in 'n ferm en fyn saadbed moet voorafgegaan word deur 'n diep ploeg.
- **PREFIX S EC** moet toegedien word binne 2 dae na die plantproses.
- Genoeg aanhoudende reën of besproeiing (ten minste 15 mm op ligte grond en 25 mm op swaar grond) moet binne 7 dae van bespuiting val, sodat die onkruid doder tot in die ontkiemingsgebied kan inloeg.

ONKRUIDE WAT DEUR CYCLONE ELITE PLUS ULTRAMOX XTRA EC BEHEER SAL WORD:

<i>Bidens pilosa</i>	Knapsekêrel
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjiesinjalgras
<i>Chloris virgate</i>	Witpluim-Chloris
<i>Dactyloctenium aegyptium</i>	Crowfoot
<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Echinochloa crusgalli</i>	Hanepootmanna
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Pseudobrachiaria deflexa</i>	Bastersinjalgras
<i>Setaria pallide-fusca</i>	Rooiborselgras
<i>Setaria verticillata</i>	Klitsborselgras
<i>Tragus berteronianus</i>	Klein wortelsaadgras
<i>Tragus racemosus</i>	Groot wortelsaadgras
<i>Urochloa mozambicensis</i>	Bosveld beesgras
<i>Urochloa panicoides</i>	Beesgras

WISSELVALLIGE BEHEER DEUR CYCLONE ELITE PLUS ULTRAMOC XTRA EC:

<i>Amaranthus hybridus</i>	Kaapse misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doring misbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooimisbredie
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhondebossie
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie
<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Nicandra physaloides</i>	Basterappeliefie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein

NOTAS:

Die wisselvallige beheer van bogenoemde onkruid sal afhang van omgewingstoestande en die dosis van die aanwending. Die vooropkomsbeheer van *Cyperus esculentus* (Geeluintjie) sal afhang van die volgende:

- Waar 'n dosis keuse gegee word, moet die hoër dosis gebruik word.
- Aanplanting in 'n ferm en fyn saadbed moet voorafgegaan word deur 'n diep ploeg.
- **PREFIX S EC** moet toegedien word binne 2 dae na die plantproses.
- Genoeg aanhoudende reën of besproeiing (ten minste 15 mm op ligte grond en 25 mm op swaar grond) moet binne 7 dae van bespuiting val, sodat die onkruid doder tot in die ontkiemingsgebied kan inloeg.

- Geeluintjies sal nie teen die verlaagde dosis, soos in Tabel 2 aanbeveel, beheer word nie.

Onkruidspesies wat nie tydens die ontwikkelingsproewe van die produk teenwoordig was nie, mag moontlik ook tot 'n minderde of meerdere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar geen verantwoordelikheid vir die beheer van onkruid wat nie gelys is nie.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE

Alkanox EC (L 9764)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Prefix S EC (L 7362)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Trooper SL (L 6806)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Ultramoc Xtra EC (L 8878)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Premiere (L 9116)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Solitare (L 6962)	SAFAGRIC (Edms.) Bpk.
H&R Crop Oil (L 6802)	H&R South Africa Sales (Edms.) Bpk.